



LAERSKOOLO STELLENBOSCH

ATLETIEKBELEID

1. ATLETIEK-APPARAAT

1.1 ATLETE

- 0.7 – 0.9 : leerders het slegs hulle atletiekklere nodig vir deelname (groen broekie en atletiekfrokke).
- 0.10 – 0.13 : Apparaat is by die skool beskikbaar. Atlete mag hulle eie spiese ens. aankoop.
- Spykerskoene mag gedra word, maar word nie deur die skool voorsien nie.

1.2 AFRIGTERS

- Die afrigters van elke item is verantwoordelik om daardie apparaat deur die seisoen op te pas en seker te maak dat alles by oefeninge beskikbaar is.

2. OUDERDOMSGROEPE / BESKIKBARE ITEMS

- **0.7 – 0.9:** 60 en 80m
- **0.10 :** 80m, 100m, 1200m, Hekkies, Hoogspring, Verspring, Gewigstoot.
- **0.11 :** 80m, 100m, 1200m, Hekkies, Hoogspring, Verspring, Gewigstoot.
- **0.12 :** 100m, 150m, 1500m, Hekkies, Hoogspring, Verspring, Gewigstoot, Spiesgooi, Diskus
- **0.13 :** 100m, 200m, 800m, 1500m, Hekkies, Hoogspring, Verspring, Gewigstoot, Spiesgooi, Diskus

3. KLEREDRAG

3.1 AFRIGTERS

- Buite-afrigters dra 'n sweetpakbroek, T-hemp en tekkies tydens afrigting. Afrigters dra die amptelike skoolsweetpak en hemp. Die rooi baadjies mag ook gedra word.
- Geen hempies wat styf sit en vorm om die lyf nie, geen ski-pants.
- Dra asb 'n pet aangesien dit deel is van ons skool se sonbeleid.

3.2 ATLETE

- Groen broekie en atletiekfrokkie.
- Groen tights mag gedra word.

4. GEDRAG

4.1 AFRIGTERS

- Die kind kom eerste.
- Onthou jy is eers 'n opvoeder en dan die afrigter.
- Pas die reëls konsekwent toe.
- As jy twyfel, sê so en vra raad.
- Hou die skool se naam hoog en vermy argumente.
- Geen kru taal word toegelaat nie.
- Daar word onder geen omstandighede op die kinders geskree nie en afbrekende woorde moet liefsvol vermy word.
- Geen atleet word fisies of emosioneel afgeknou nie.
- Geen kommunikasie met enige toeskouers langs die baan tydens byeenkomste of oefeninge nie.
- As ouers hulle wangedra, bring dit onder die koördineerder se aandag.
- Ken die reëls van die verskillende items.

4.2 ATLETE

- Die afrigter/beampte is altyd reg.
- Jy mag onder geen omstandighede wys dat jy van die beampte se besluit verskil nie.
- Jy mag nie met 'n ander atleet in 'n argument betrokke raak of beledigings uiter nie.
- Geen fisiese kontak (met die opset om te beseer of te intimideer) word toegelaat nie.
- Hou die skool se naam hoog en moenie in 'n argument betrokke raak nie.
- Geen kru taal word toegelaat nie.

4.3 OUERS

- Hou die skool se naam hoog en moenie in 'n argument betrokke raak met beamptes of ouers van opponente nie.
- Geen kru taal word toegelaat nie.
- Geen negatiewe kommunikasie.
- Indien daar iets is waaroor u onseker of ongelukkig is, maak 'n afspraak, buite oefentye, met die betrokke afrigter en bespreek dit. Indien die saak nie opgelos kan word nie, kan die koördineerder ingeroep word. Geen ouers of ander toeskouers word in die deelneem area toegelaat nie.

5. BYEENKOMSTE

- Die jaar begin met die interkleure. Massa deelname word aangemoedig. Hierdie uitslae word ook gebruik om te meet hoe atlete ontwikkel. Dit word ook gebruik om inskrywings vir verdere byeenkomste te doen.
- By die kleurebyeenkoms word nie alle velditems se pogings gemeet nie. Minimum afstande word uit vorige jare se byeenkomste bepaal. Alle leerders neem steeds deel waarna die top 8 atlete verder sal gaan.
- Hierdie lysie word gedurig hersien omdat ons weet kinders verskillend ontwikkel.
- Inskrywings vir byeenkomste word deur die organiseerder, in samewerking met die afrigters, gedoen.
- Alle uitslae word in ag geneem. Die formaat van die byeenkoms speel 'n groot rol in die keuse van atlete.
- Sekere byeenkomste mag 'n atleet slegs 2 items doen en daarom word ander atlete dan ook gekies.
- Byeenkomste verskil. Vertrou asb. die afrigters.

6. AFWESIGHEID VAN OEFENINGE/BYEENKOMSTE EN ONTTREKKINGS.

6.1 AFRIGTERS

- Afrigters bly verantwoordelik vir die afrigtingsessie.
- Verskonings moet vroegtydig aan die koördineerder gestuur word.
- Afrigters moet self iemand in hul plek reël en vir die aflospersoon 'n volledige oefenprogram vir die oefening gee.
- Hou altyd 'n paar oefen-idees in 'n lêer byderhand vir noodgevalle.
- Afrigters moet 'n bywoningsregister vir atlete byhou.

6.2 SPELERS

- Maak persoonlik by jou afrigter verskoning of laat jou ouers die afrigter of koördineerder kontak.
- Spelers word aangemoedig om minstens twee oefeninge per week by te woon.
- Skoolsport is eerste prioriteit.

7. KOMMUNIKASIE

Volg die korrekte kanale. Kontak eers die afrigter, buite oefentye. Indien die saak onopgelos bly, kan die koördineerder gekontak word en as laaste uitweg die sportorganiseerder. Briewe sal uitgedeel word vir byeenkomste.


AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 1/08/2023



VOORSITTER



SEKRETARESSE



SKOOLHOOF